



TOULEIER



Toer vir blomkykers, en baie vis vir Hennenman

Ek onderbreek die maand my reisverhaal daar waar ons tans in die dorre Lima nog laas reggemaak het om die berge in te vaar. Graag wil ek eerder twee na aan die hart goedjies vir my, voorsit vir proe en geniet.

BLOMMETOER 2018

Die eerste is die opkomende blommetoer wat in Pretoria begin en deur 'n maat van my wat daar in Heidelberg woon, gereël word.

Danie Martins reël die hele ding en hy gaan saam ry, al die pad.

Danie maak geen wins uit die toer nie en doen dit juis om dit vir Jan Alleman bekostigbaar te maak om hierdie wonderlike ervaring mee te maak. Diegene wat saamreis gaan dus nie net blomme kyk nie, hulle gaan ook 'n onuitputbare bron van vermaak en inligting tot hulle beskikking hê, die hele tyd!

Die datum is **21 tot 28 Augustus 2018** (8 dae 7 nagte)

Pretoria – Upington – Springbok – Clanwilliam – Lambertsbaai – Saldanabaai en Kaapstad. Dit sluit in: Reis per luukse, lugversorgde bus.

Ontbyt & aandete daaglik (behalwe vir aandete 24 Augustus wat vir u eie rekening is.) Vliegtuigkaartjie (tussen Johannesburg en Kaapstad.) Alle toegangsgelde soos per program. Bagasie-fooitjies by oornagplekke.

Koste van die reis is: R9 600 en R1 960 ekstra as jy alleen gaan. Jy kan net 'n deposito ook betaal en afbetaal deur die jaar. Klik op hierdie skakel vir volledige inligting of skryf vir Danie by D@nie.co.za <http://www.argief.co.za/toerprogram.htm>



HENNENMAN KERSETE

Die meeste terugvoer wat ek ontvang het, wil graag hê dat ons by een plek en bly vir verligting en opheffing as om te spring van een instansie na 'n ander. Ek het darem ook gereeld en ad hoc vir ander plekke soos ouetehuse waar die nood hoog is, goed soos volwasse doeke aangekoop met van julle skenkings.

Nog wonderlike nuus: Een van ons lesers het uit Mosselbaai meer as dertig dosyn blikkies vis geskenk vir die kinders van Hennenman! (Nou soek ons nog net 'n bakker om broodjies te bak en hierdie wonderwerk 'n eg Bybelse gestalte te gee!) Baie dankie Jannie!

Nicolene en die Hennenman Helpende Hand tak se ander lede het besluit om die Kersete die jaar by die Gholfklub aan te bied en sodoende die kleingood kans gee om buite ook te speel en baljaar. Die gesinne word per bus aangery en die verskaffer vra dat net die bestuurder se koste gedek word. Lyk my ons werk aan 'n wenner en ek vermoed daar daar gaan viskoekies vir voorgereg wees!

Dankie, vir almal wat belowe het om ekstra by te dra die maand. Ons beseef daar is so baie ander instansies en mense wat sorg benodig en verstaan as julle volstaan met hulp hulle.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdrp.com



Jannie Nel en sy vrou, skenkers van die vis.

Om die kampvuur

De leukste Afrikaanse woorden



'n Flerrie, marmotjie en een suurknol: wat het betekens lees je in dit beknopte woordenboek Afrikaans-Nederlands.

Let op: Wij maken onder geen beding het Afrikaans belachelijk – maar noemen met alle respect van de wereld louter een aantal woorden die Nederlanders (en Vlamingen) vaak grappig in de oren klinken.

Gemorskos: Ons almal weet dat wegneemetes oor die algemeen nie gesond is nie. Het is niet goed voor je maar wel heel lekker: fastfood.

Oogplesiertjie: Het oog wil ook wat, een oogplesier-tjie – een ander woord voor lekker ding of /hunk/.

Poephof: Poepgat (Nederlands), asshole (Engels), ânus (Portugees), ano (Italiaans). Het komt in alle talen op hetzelfde neer.

Melkskommel: Je haalt het bij de snackbar, het is niet heel gezond en er zit onder andere melk in. Een melkskommel is een milkshake.

Vuurhoutjie: (vuurhoukie uitgesproken): Als je een sigaret wil opsteken, maar geen aansteker bij je hebt. Je kan altijd nog een vuurhoutjie (lucifer) gebruiken.

Flerrie: 'n Flerrie is 'n vrou of meisie wat vryerig is, altyd mans se aandag probeer trek – een flirterig meisie.

Spookasem: Een suikerspin.

Toebroodjie: Een broodje kaas.

Swaai: In Nederland zwaai je als kind heen en weer op jeschommel: in Zuid-Afrika noem je een schommel een swaai.

Suurknol: Pfff die man, dat is zo een suurknol. Dit woord beskryf het goed, net zoals zuurpruim; als er geen lachje vanaf kan.

Selfoon: Selfoonverslawing / telefoonverslawing. Hier hebben we allemaal wel eens last van.

Sneesdoekie: Als je niest, gebruik dan vooral een doekie om je (s)neus mee af te veen.

Grassnyer: Een grasmaaier.

Winkelrollie: Eigenlijk heel logisch: een winkelwagentje.

Bekfluitjie: Je kan er muziek op spelen, je houdt het voor je mond. Een mondharmonica.

'Gaan vang 'n haan!'

Afrikaans, as taal, is besonder ryk aan idioome. Idioome in Afrikaans is nie noodwendig in Engels of in ander tale beskikbaar nie. Die omgekeerde is egter ook waar. Vertaal ons idioome gerus letterlik in Engels ;-)

'n Adder in eie boesem hê. 'n Verraaiër / indringer / skelm.

'n Appeltjie te skil. Iemand uittrap of redeneer oor 'n saak.

Van bakboord na stuurboord stuur. 'n Persoon herhalend na ander persone verwys / Instruksies gee wat onnodig kompleks is.

Balke saag. Erg snork.

Piet is been-af op Sannie. Piet is verlief op Sannie.

Daar sal dadels van kom. Daar sal niks van kom nie.

Die bobbejaan agter die berg gaan haal. 'n Probleem vooruitloop.

Te diep in die bottel kyk. Dronk wees.

Om ook 'n eiertjie te lê. Iets (bykomends) te sê hê.

Hy is 'n haan onder die hennie. Die gewildste man tussen die vroue.

Gaan vang 'n haan! "Los my uit" of gaan net weg.

Duskantlander in Anderkantland

Skeerroom, witgoud en kittiekos



Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Elke week is dieselfde drie goete op my inkopielys. Skeerroom, toiletpapier en katkos vir ons nuwe katjie. Verlede week staan ek met neute in die hand; gooi dit in my mandjie en vis dit weer uit, en plaas dit beslissend terug op die winkelrak. My inkopielys het nog heelwat items op soos toiletpapier en skeerroom, waarsonder ons nie kan klaarkom nie, en neute was beslis nie 'n noodsaaklikheid is nie.

Na vele jare se gekerm oor sonskade kon ek my Vrystaat-man nie oortuig om bevoogtiger te gebruik nie. Toe *Men's Magazine*, Nivea For Men adverteer gaan die lig aan - iewers in my agterkop hoor ek my Vrystaat-man se vermaning: Ek moet *Nivea* koop, want op daai Vaseline goete staan nie geskrywe is vir manne nie." Soveel goedkeuring dat Nivea se skeerroom ook op die inkopielys beland - so ewe in my man se eie krap-handskrif. Dis net so fênsie en skaars en kos die prys van onwettige nier in diep donker Afrika. Maar my Vrystaat-man ruik blommetjievars, en Mammie koop.

Ek verwonder my aan toiletpapieradvertensies - ek bedoel, wie kan daarsonder? Die goed verkoop hulleself, dis tog witgoud, maar enkellaag papier druis in teen my grein. Maar dis 'n noodsaaklikheid in elke huis, so Mammie koop - smaak my meer toiletpapier as brood.

Twee keer 'n week speel ek tennis by die 'Lawn Tennis Club' waar daar nie een grassie groei nie. Ons speel op rooi stowwerige kleibane, en begin halfsewe in 28 grade Celsius en stap nege-uur in 32 grade se hitte van die baan af. Hierlangs moet jy inpas bly met die Akkra reëls en in spierwit bloes op die baan uitstap of hulle weier jou deelname. Niemand lyk pikant in wit nie - boonop is ek drupnat gesweet, rooi gesig en kook my brein in die hitte.

Sodra ons klaar is, glip ek gou badkamer toe en vee die ergste stof en sweet van my lyf af met 'n klam handdoek. Dis heerlik verfrissend, en natuurlik het ek sommer 'n rol toiletpapier byderhand in my tennissak wat oopbek op die vloer staan. (Alle publieke badkamers word nie voorsien van toiletpapier nie.) 'n Klublid stap verby en vra of sy my toiletpapier kan gebruik wat sy in die sak bespeur. 'Natuurlik' sê ek, en gaan voort met stof afvee. Toe ek terugdraai het sy vyf velletjies nagelaat en is skoonveld met die res van die rol witgoud!

Klaar tennis gespeel is ek uit en tuis, stap ek in die koel badkamer in waar my huisfeëtjie besig is om verwoed skoon te maak. Ek vra haar om later weer voort te gaan sodat ek gou kan stort. O wee, terwyl die water warmloop, bespeur ek 'n berg 'wit sneeu' in die toiletbak. Net daar draai ek die stort toe en roep my huisfeëtjie nader en vra hoe nou? Sonder om te blik of bloos verduidelik sy hoe sy die stort se glasblaai mildelik bespuit met my Vrystaatman se Nivea-For-Men se skeerroom en dan woert warts wegvee met dubbellaag toiletpapier, hoe sy dan die nat bolletjies behendiglik in die toiletbak wegspoel. - en dit laat die badkamer so blommetjie vars en sprankelend nalaat! Vir weke reeds vertel my man my hoe lekker ons badkamer ruik!

Vir die tweede keer in dieselfde oggend het Akkra se logika my katswink geslaag dat ek net daar staan en windborrels hap van verbasing.

Nou hoe gemaak, sy's dan so kinderlik trots op haar vernuftige skoonmaakproses dat al die verduidelikings van prys en bekostigbaarheid haar sleepvoet en dikbek laat. Teen laatmiddag skink ek 'n koppie tee vir beide van ons en smeer 'n paar skywe roosterbrood met botter en roep die huisfeëtjie nader.

Die voete sleep nog, maar die dikbek het 'n paar duim gesak. Ek weeg bakmeel uit en bly doenig met bakpanne botter smeer toe ek uit die hoek van my oog sien sy is doenig met die oopmaak van 'n blikkie kittiekos. Ai gônnetjie Piet! Voor ek oor die lamheid in my kuitspiere kom, dop sy die piepklein blikkie katkos op haar roosterbrood om en hap smaaklik dat die jellie vanuit die mondhoëke drup.

Ek het opgehou tennis speel, ek maak vir eers self huis skoon terwyl ek opnuut adverteer vir 'n ander huisfeëtjie. Op my inkopielys is 'groot pak neute' sommer heelbo opgeskryf.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



NASKEERMIDDEL

Die vlootoffisier en 'n admiraal is in 'n barbierwinkel en is pas geskeer toe die barbier naskeermiddel aan hul gesigte wil smeer.

Die admiraal protesteer: "Haai! Los daai goed! My vrou sal dink ek was in 'n bordeel!"
Die vlootoffisier draai na die barbier en sê: "Gaan voort, smeer aan. My vrou het geen idee hoe 'n bordeel ruik nie."

GESELS

"Wanneer ek eensaam en alleen voel, praat ek met myself."
"En waaroor gesels julle?"
"Oor hoe eenders ons is."

VERGADERING



Petoorsie aan sy pa: "Pa, daar is vanaand 'n spesiale vergadering vir volwassenes by die skool wat pa moet bywoon.

Pa: "Spesiaal? Regtig?"
Petoorsie: "Ja, dis net pa, die onderwyser, die skoolhoof en twee polisiemanne wat daar gaan wees."

MOEILIKE TOETS

Twee blondines staan by 'n bushalte en gesels. Nommer 1: "Ek moet môre vir 'n swanger-skapstoets gaan."

Nommer 2: "Sjoe!. Ek hoop nie die vrae is te moeilik nie."

OLIFANTE

Hoekom het jy nog nooit olifante gesien wat in bome wegkruip nie? Omdat hulle dit so goed doen.

BESIGE MENSE

Piet kom gereeld laat vir werk en op 'n dag het sy baas net mooi genoeg gehad.

-Piet, weet jy hoe laat ons begin werk?

-Nee, Meneer, nie regtig nie. Elke dag as ek hier kom, is almal al besig.

MA'S IS SLIM!

● Ma het my geleer bid:

"Jy moet bid dat daardie kol op die mat uit is as ek vanaand by die huis kom."

● Sy het my van tyd en ruimte geleer:

"Ek sal jou tot in volgende week in klap!"

● Sy het ons geleer dat daar 'n plek en 'n tyd vir alles is:

"As julle mekaar wil vermoor, gaan doen dit buite! Ek het nou net hier skoongemaak!"

HUMORSIN

Die vrou staan kaal voor haar man.

"Wat jaag jou hormone die meeste aan: my mooi gesig of my sexy lyf?"

Hy kyk haar op en af, en antwoord: "Jou sin vir humor!"

VERSKIL

Al verskil tussen my vriend Jan en 'n klavier is dat die klavier nie kan boomklim nie.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Het jy geweet?



Die komponis Fredrick Chopin se hart is in 'n pilaar ingemessel!

Met sy dood in 1849 was dit sy wens dat sy hart in sy geboorteland, Pole, begrawe moet word.

Sy suster, Ludwika, het sy hart in 'n fles brandewyn verseël en dis in Warskou in een van die pilare van die Heilige Kruis-katedraal ingemessel.

Hierdie pilaar is so belangrik dat die Nazi's in WOII gehelp het om Chopin se hart te verwyder en te stoor. Die volgende dag is die kerk totaal vernietig. Ná die oorlog is die komponis se hart weer versigtig in 'n nuwe pilaar ingemessel.

Onder streng geheimhouding is die hart weer in 2014 uitgebeitel vir 'n ondersoek. Alles was nog net soos Ludwika dit verseël het – die alkohol in die fles het nie verdamp nie.

Voor die Egiptenare 'n lyk gebalsem het, is al die organe verwyder, behalwe die hart wat hulle beskou het as die setel van die siel en intellek. Dit is dus saam met die liggaam gebalsem.

♦Raspoetin, die Russiese mistikus, se geslagsorgaan pryk glo ook iewers in 'n fles, maar dis nie in 'n pilaar nie.

Die storie van Kobus Lourens

'n Man kom uit die lughawe uit en kry dadelik 'n taxi voor hom. Die taxibestuurder merk op: "Perfekte tydsberekening, nes Kobus."

Passasier: "Wie?"

Taxibestuurder: "Kobus Lourens, hy was 'n ou wat altyd als reg gedoen het. Soos nou, toe ek juis hier was toe jy 'n taxi nodig gehad het, dit het elke keer met Kobus Lourens gebeur."

Passasier: "Kan nie wees nie, daar is altyd darem êrens iets wat verkeerd loop."

Taxibestuurder: "Nie vir kobus Lourens nie, hy was boonop nog 'n uitstekende atleet. Hy sou selfs op Wimbledon kon wen. Hy kon seker Tiger Woods ook kafdraf. Hy kon selfs sing soos 'n opera bariton en hy kon dans soos Fred Astaire. 'n Koning met die klavier, ja nee, 'n wonderlike man"

Passasier: "Klink of hy 'n merkwaardige persoon was!"

Taxibestuurder: "Daar is nog! Hy het 'n fotografiese geheue gehad en het nooit 'n verjaarsdag of 'n herdenking vergeet nie. Hy het als oor wyn geweet en watter soort kos om te bestel by 'n luukse restaurant en watter vurk om te gebruik om dit mee te eet. Hy kon als regmaak. Nie soos ek nie, Ek probeer 'n gloeilampie omruil dan dink die buurt omgewing dis hul beurt vir donkerte. Ja swaer, Kobus Lourens kon ALS reg doen."

Passasier: "Sjoe, regtig iemand spesiaal nè?"

Taxibestuurder: "Kobus Lourens het altyd geweet hoe om 'n vrou goed te laat voel, nooit met hulle baklei nie, nooit tee gepraat nie, regtig sjarmant. Hy was altyd netjies nooit op sy klere gemors nie, die Perfekte man!"

Passasier: "Ja ek stem saam, 'n unieke man. Hoe het julle ontmoet?"

Taxibestuurder: "Wel, om die waarheid te sê, ek het Kobus nooit ontmoet nie, ek is net met sy flippen weduwee getrou!"

Ons mense moenie so negatief oor die land wees nie. Die regering gaan dit nog in 'n paradys omskep. Ons gaan almal kaalgat hier uitstap.

Waar is jou das, Meneer?



Die ou was sterwende van dors in die woestyn toe hy 'n man met 'n klomp sydasse op 'n kameel sien.

Die dorsteling het hees gekree: "Water! Ek moet water kry!"

Kameeldrywer: "Ek het nie water nie, maar ek het die mooiste sydasse vir net R50."

Dors man: "Ek soek nie 'n das nie, ek soek water!"

Kameeldrywer: "Wat van twee dasse vir R60? Groot inskoop, net vir jou."

Dors man: "Nee, sê my tog net waar ek water kan kry!"

Kameeldrywer: "Daar is 'n kroeg 'n kilometer in daai rigting."

Die dorstige het voortgekrui, by die kroeg gekom en vir water gesmeek.

Die netjiese kroegman het oor die toonbank geleun en gesê:

"Dis 'n baie repektabele kroeg hierdie. Ons het water, maar ons bedien net mense wat dasse dra."



Die grappie oor TOYOTAS

DIE twee eerstejaars trap oor die tou en besluit om die nooi se ouers die naweek op die plaas oor die situasie te gaan inlig.

Die hele aand het die kêrel gewroeg oor hoe hy die voorgenome skoonouers van hul lot gaan vertel, maar hy kom nie sover om dit te doen nie.

Die nag het hy sleg geslaap en die volgende more was hy vroeg op.

Hy was heel verbaas om oral op die werf net Toyota's te sien. In die motorhuis het 'n Camry gestaan, onder die boom 'n Hilux bakkie en in die stoor was 'n Land Cruiser.

Selfs die plaas se naambord was geborg deur Toyota. Terwyl hy hom so verwonder, groet die oom hom skielik. Die arme kêrel skrik hom flou. Maar kenmerkend van 'n vindingryke student herstel hy gou en vra die oom uit oor sy baie Toyota's.

"Toyota's het baie goeie masjiene. Hul ratkaste gee nie in nie. Die Land Cruiser se vere kan jy maar laat werk.

"Die onderstelle hou vir ewig. En selfs in die winter sukkel 'n mens nie om die Toyota's te *start* nie," sê die oom.

Waarop die kêrel sy gaping sien:

"Oom se dogter is seker ook 'n Toyota. Ek het haar net so 'n ligte stootjie gegee, toe vat sy."

Een nag kom ek baie laat tuis . . .

Die verhaal van 'n vrou wat uitgerank het

Ek was nou die aand saam met "die meisies" uit nadat ek my man belowe het dat ek om middernag tuis sal wees.

Maar die ure het vinnig verbygegaan, en die margaritas het net so maklik afgegaan.

Om 'n lang storie kort te maak: Ek is eers skuins voor drie daar weg.

Toe ek by die voordeur ingaan, het die koekoekklok in die portaal drie keer gekoekoek en vertel dis drie-uur.

Ek het vinnig gedink, besef my man sal waarskynlik nou wakker wees en ek wil tog nie nou 'n woordewisseling met hom aanknoop nie.

Ek het vinnig nog 9 koekoeks gemaak, want $9+3 = 12$ en 12 is middernag.

Die volgende oggend sê hy ons sal die koekoekklok moet laat regmaak.

"Hoekom?" vra ek.

"Want laasnag het hy drie keer gekoekoek, en toe sê hy 'o fok' en toe koekoek hy nog vier keer, maak keelskoon, koekoek nog vyf keer, val oor die koffietafel en poep kliphard."

Die ou manne hou reünie

40

'n Groep 40-jariges besluit om by mekaar te kom vir 'n aandete. Uiteindelik bereik hulle konsensus: Hulle sal by die Gasthaus Gutenberger gaan eet, want die kelnerinne daar het sulke lae halslyne en mooi tieties.

50

Tien jaar later - hulle is nou 50 - besluit hulle om weer 'n reünie te hou. Hulle besluit om weer na die Gasthaus Gutenberger te gaan omdat die kos daar so lekker is en omdat daar 'n goeie wynlys is.

60

Toe hulle 60 word, is dit weer sulke tyd. Ná 'n lang geredekawel besluit hulle om weer na die Gasthaus Gutenberger te gaan omdat die plek rookvry is en nie harde musiek speel nie.

70

Nog tien jaar verloop, en die groep is nou 70 jaar oud. Hulle bereik gou eenstemmigheid: Hulle sal weer na die Gasthaus Gutenberger gaan omdat die plek rolstoel-vriendelik is en selfs 'n hysbak het.

80

Toe hulle 80 word is daar weer 'n reünie. Reg geraai: Hulle besluit op die Gasthaus Gutenberger, omdat hulle nog nooit daar geëet het nie.

UITSAAIFLATER

Hierdie is glo die reine waarheid: Een oggend, nie te lank gelede nie, was daar weer een van die inbelprogramme, en hierdie keer kon die beller 'n prys wen. So kry die vroujie toe die vraag:

"As wat is natriumchloried beter bekend?"

Sy uhm en aah, en die omroeper besluit om haar 'n leidraad te gee:

"Jy kan dit soggens oor jou man se eiers gooi," sê hy.

Skielik gaan daar 'n lig vir die vrou op: "Babapoeier?" waag sy.

Die omroeper het glo vinnig 'n CD opgesit, maar nie voordat hy uitgebars het van die lag nie!

Navorsing het twee dinge oor foute bevind:

1. As jy vir jou eie foute lag, sal dit jou lewe verleng.
2. As jy vir jou vrou se foute lag, kan dit jou lewe baie verkort.

BEKOMMERD

"Ek voel so bekommerd; my man is al die hele aand uit en ek weet nie eens waar hy is nie!" "Toemaar, as jy geweet het, was jy dalk twee keer so bekommerd!"



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se vanne:

Roderigues sylvia2@vodamail.co.za

Gideon jacobus roderigues gebore 14-09-1940, oorlede [02-04-1985](#).sy oupa was joao anastacio roderigues wat van madeira af kom, getroud met n nooi serfontein.

Beukes thysjoan@gmail.com

Ek wil graag meer te wete kom oor die Beukes stamboom. My oupa was Johannes Christiaan Beukes gebore 21 Sept 1904 oorlede op 5 Sept 1996 was getroud met Helena Christina Blnaut gebore 11 Aug 1909 oorlede 10 Okt 1955. Ek weet sy een broer was Mynhardt. Hy het op verskeie plekke gebly oa Nelspruit, Ugie, Bloemfontein. Hy was die eienaar van die Cecil Hotel en later die CR Swart Hotel in Bloemfontein. Sal graag meer van die familie te wete wil kom. Dankie Joan

SWANEPOEL STAMBOOM alet@shaw.ca

Ek is besig om my Swanepoel Stamregister af te sluit. Wil jy jou Swanepoel familie ook in die register ingesluit hê? Kontak my asseblief.

Nog vanne wat ingekom het: Gertsner, Pearson, De Jager

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Die twee gesigte van

DOKTERS

Wat hulle sê, en wat hulle regtig dink

"Ons moet dadelik hieraan aandag gee"

Ek het beplan om volgende maand Hawaii toe te gaan, maar hier is so baie geld te maak dat ek wil opereer voordat die kwaal homself genees.

"Wel, en wat het ons hier?"

Hy het geen idee nie, en wag vir 'n wenk van jou kant.

"Daar is goeie nuus, en slegte nuus."

Die goeie nuus is ek gaan 'n nuwe BMW koop. Die slegte nuus is dat jy daarvoor gaan betaal.

"Ons sal 'n paar laboratoriumtoetse moet doen."

Ek het 'n 40% aandeel in die laboratorium.

"Laat my weet as dit oor 'n week nog nie beter is nie."

Ek het geen idee wat dit is nie. Dalk gaan dit vanself weg.

"Dis nogal 'n lelike wond."

Ek dink ek gaan opgooi.

"Hoekom maak ons nie later in die week vir jou 'n afspraak nie?"

Ek speel vanmiddag gholf, en dis 'n vermorsing van tyd.

Ek het die geld nodig, so ek gaan jou vir nog 'n konsultasie aanskryf.

Die pasiënt kom by die hospitaal se noodeenheid, vol blou kolle, 'n geskeurde oor en bloed wat uit sy neus drup. Hy loop kruppel.


Die registrasiebeampte begin sy vorms invul.

- Is jy getroud?

- Nee, 'n kar het my raak gery.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Hierdie toekenning word jaarliks gemaak aan die mense wat die grootste bydrae tot die genepoel gelewer het deur hulself op 'n ongewone en onnosel manier te verwyder.

ONTHOU: Dis nie sommer net stories nie – dis heeltewel waar! Die genomineerdes is:

Semi-finalis #1

'n Jong Kanadese man wat goedkoop wou dronk word het petrol met melk gemeng. Hy het siek geword en in sy vuurmaakplek opgegooi. Die ontploffing het die huis laat afbrand en hy en sy suster is dood.

Semi-finalis #2

Drie Brasiliërs was in 'n ligte vliegtuig op 'n lae hoogte toe 'n ander vliegtuig hulle nader. Dit skyn dat hulle hul broeke afgetrek en hul kaal sitvlakke op die ander vliegtuig se insittendes gerig het.

Hulle het beheer oor hul vliegtuig verloor en is in die wrakstukke gevind met hul broeke op hul enkels.

Semi-finalis #3

'n 22-jarige van Reston in Virginia is dood aangetref nadat hy met seekatrieme 'n reksprong van 'n 20 meter hoë spoorwegstelsel uitgevoer het.

Hy het die rieme saamgeveg en aan sy enkel en die stelsel gekoppel. Hy het sy dood op 'n sypaadjie tegemoetgegaan omdat die rieme te lank was.

Semi-finalis #4

'n Man in Alabama het aan die bite van 'n ratelslang gesterf. Hy en 'n vriend het die slang soos 'n bal vir mekaar gegooi. Sy vriend is gehospitaliseer. Dit klink of hy 'n toekomstige kandidaat vir 'n Darwin-prys is.

Semi-finalis #5

Werkers in 'n mediumgrootte pakhuis in Texas het gas wat lek geruik. Die bestuur het die gebou ontruim en alle vorms van moontlike ontbranding verwyder: Ligte, krag, ens.

Daarna is twee tegnisi van die gasmaatskappy ontbied. Hulle is die gebou binne, maar kon nie in die donker sien nie omdat al die ligte ontkoppel was.

Getuies het later beskryf hoe 'n tegnisi iets wat soos 'n aansteker lyk uit sy sak gehaal het. Die pakhuis het ontplof en wrakstukke tot vyf kilometer ver versprei. Geen teken is van die tegnisi gevind nie, maar die aansteker het perfek behoue gebly.

Die skuldige se maats het gesê hy was nooit die skerpste mes in die laai nie.

Hier is die wenner van 2017 se Darwin-prys, wat soos altyd nadoods toegeken word:

Arizona se hoofwegpatrollie het op 'n stuk smeulende metaal op 'n rant afgekom wat soos die toneel van 'n vliegongeluk gelyk het, maar dit was 'n onherkenbare uitgebrande motor.

Die polisie het uiteindelik die misterie opgeklaar. 'n Amateur vuurpyltoesias het op 'n JATO-bottel afgekom. Dit staan vir Jet Assisted Take Off en is suiwer vuurpylbrandstof wat gebruik word om aan swaar militêre vliegtuie 'n bietjie meer oemf! te gee vir opstyg van kort aanloopbane.

Die man het met sy Chevy Impala die woestyn in gery en 'n lang reguit stuk pad gevind. Hy het die JATO onderaan die kar geheg, spoed opgebou en die JATO brand gestee!

Daar is uitgewerk dat dit ongeveer vyf kilometer van die ongelukstoneel gebeur het

Die JATO, behoorlik aangewend, kon die Chevy se spoed 25 sekondes lank tot 560 km/h opgejaag het – die spoed van 'n F-14 vegvliegtuig. Die drywer het die remme gesmelt, die wiele het gebars en die bande het dik rubbermerke op die pad gelaat, toe vir nog twee kilometer luglans gereis, die rant op 'n hoogte van 45 meter getref en 'n krater van 'n meter diep geskep.

Van die drywer is klein beenfragmente, tande en hare gevind en daar was 'n klein stukkie van die stuurwiel.

Daar is uitgewerk dat hierdie moroon 'n grondspoed van ongeveer 675 km/h bereik het, hoewel die grootste deel van sy reis in die lug was.

VERLEDE jaar se wener as 'n man wat deur 'n Coke-masjien doodgeval is nadat hy probeer het om 'n koeldrank gratis te bekom.

Dis nie stories wat 'n mens kan opmaak nie, is dit?

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html

